

# Opgebou vir Oorwinning

## Studie uit Openbaring 1-3

# INHOUD


| | TEMA | Bl No |
|---|---|---|
| | Voorwoord | 3 |
| | Kaart van die 7 gemeentes in Openbaring | 5 |
| Week 1 | Jesus se oproep aan Sy Kerk | 6 |
| Week 2 | Efese, die onverskillige Kerk | 13 |
| Week 3 | Smirna, die Oorwinnende Kerk | 19 |
| Week 4 | Pergamum, die Inskiklike Kerk | 25 |
| Week 5 | Tiatira, die Korrupte Kerk | 31 |
| Week 6 | Sardis, die Kwynende Kerk | 37 |
| Week 7 | Filadelfia, die Getroue Kerk | 44 |
| Week 8 | Laodisea, die Dwase Kerk | 50 |
| | Bronne | 57 |
| | Addendum 1: Riglyne vir Kleingroepe | 58 |
| | Addendum 2: Kleingroep Onderneming | 59 |

# VOORWOORD

Vir baie mense is die Boek Openbaring 'n geheimsinnige, vreemde boek en mense sukkel dikwels om dit te verstaan en toe te pas. Dit is egter 'n boek van bemoediging en hoop.

Aan die begin van die boek verduidelik die skrywer, Johannes, hoe hy die openbaring van God ontvang het terwyl hy in ballingskap op die eiland Patmos was. Hy was daarheen gestuur as gevolg van sy getroue prediking van die evangelie.

'n Openbaring beteken om iets bekend te maak, om dit te ontbloot, om dit te wys. ’n Monument, fliek of boek kan ’n bekendstelling hê wanneer hulle onthul en aan die wêreld gewys word. 'n Persoon het 'n openbaring wanneer hy bewus word van iets wat hy nooit voorheen geweet het nie. Die heel eerste sin bevat die tema van die boek Openbaring. Waarvan is dit 'n openbaring? Dit is 'n openbaring van Jesus.

Jesus sal geopenbaar word vir almal om te sien. Hy is gedeeltelik sigbaar gemaak by Sy eerste koms. By Sy wederkoms sal Hy sigbaar gemaak word vir “elke oog” om te sien. En elke enkele persoon in die wêreld sal Hom in Sy krag en heerlikheid sien soos Hy werklik is.

Die brief is gerig aan die sewe kerke in Asië. Hoekom sewe kerke? Die simboliese betekenis van sewe dui op volledigheid of volmaaktheid. Toe die apostel Johannes aan hulle geskryf het, was dit werklike, fisiese gemeentes wat op daardie tydstip bestaan het en die kerk as geheel verteenwoordig het. Hulle was nie die enigste kerke in Klein-Asië nie, maar die volgorde waarin hy hulle toegespreek het, is die volgorde waarin 'n boodskapper van Patmos sou reis terwyl hy op 'n sirkelroete om Klein-Asië gemaak het. Hierdie briewe moet nie as individuele briewe gesien word – wat net vir daardie gemeente bedoel is nie – maar as 'n omsendbrief met sewe ontvangers. Elke gemeente moet elke deel van hierdie omsendbrief lees.

Die kerke het die gevolge van vervolging begin voel. Jesus gee Sy openbaring oor die dinge wat gaan kom – maar hy begin deur eers met die gemeentes te

praat oor die dinge wat by hulle aangaan (Op 1:19). Daar is sake wat dadelik aandag moet geniet – nie eendag nie!

Jesus se oproep was nie net vir daardie sewe gemeentes en hulle leraars nie – maar universeel vir die kerk van alle eeue terwyl ons op pad is na die Koms van die Koning. Aan hierdie kerke, maar ook aan die gelowiges van alle tye, het Openbaring 'n boodskap van hoop verskaf. God is in soewereine beheer en Christus sal in heerlikheid kom om te oordeel en te regeer.
Gemeentes maak vir God saak – en hoe hulle leef en waarop hulle fokus, raak Hom. In Openbaring 2 en 3 vind ons 7 voorbeelde van hoe 'n gemeente God óf gelukkig maak óf op 'n dwaalspoor gaan en van hulle doel afwyk en Hom teleurstel. Dit is egter onmoontlik om hoofstukke 2 en 3 sonder hoofstuk 1 te verstaan.

Gebruik hierdie studie om God se waarskuwings aan die gemeentes te verstaan en dit op jou lewe en gemeente toe te pas. Onthou dat God in beheer is, dat Christus reeds die oorwinning oor die bose behaal het en dat almal wat in Hom glo, gered is.

**NOTAS AANGAANDE DIE STUDIES VAN DIE SEWE KERKE:**
Die briewe aan die sewe kerke deel 'n soortgelyke struktuur. Hulle beskik elkeen oor:

- Die Aanspreek van aan 'n spesifieke gemeente.
- 'n Bekenstelling van Jesus.
- 'n Verklaring oor die toestand van die kerk.
- 'n Uitspraak van Jesus oor die toestand van die kerk.
- 'n Opdrag van Jesus aan die kerk.
- 'n Algemene vermaning aan alle Christene.
- 'n Belofte van beloning.

Soos ons elkeen van die kerke bestudeer, sal ons elkeen van hierdie kenmerke identifiseer.

## KAART VAN DIE SEWE GEMEENTES IN OPENBARING



# Week 1

# Jesus se oproep aan Sy Kerk

**Geheuevers:**

*"Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk. "*

*Openbaring 1:17(b)-18*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 1:1-20 en Kolossense 1:15-22**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Aan die begin word die belangrikste waarheid oor die Boek van Openbaring gegee - dit is die Openbaring van Jesus Christus aan ons. Openbaring beeld Jesus uit as die opgestane, verheerlik Seun van God wat die kerke bedien. As ons alles anders verstaan, maar ons lees Jesus mis in die boek, mis ons die betekenis van die Boek van Openbaring.

Die Openbaring van Jesus Christus bereik die kerk deur 'n drie-fase proses:

1. God het die boodskap vir Jesus gegee.
2. Jesus het Sy engel met die boodskap na Johannes gestuur, en
3. Johannes skryf dit aan die gelowiges.

Jesus openbaar onsigbare, goddelike realiteite van wat binnekort moet plaasvind. Dit praat van dinge wat in die toekoms sal gebeur – na die tyd waarin die brief geskryf is.

In hoofstuk 1 van Openbaring ontmoet ons Jesus, beskryf op verskillende maniere en met verskillende simbole. In elk van die briewe in Openbaring 2 en 3, sal ons sien dat hoofstuk 1 aangehaal word aangesien elke brief op 'n ander aspek van Jesus fokus.

## STUDIEVRAE:

Lees Openbaring 1:1-3.  Wat bedoel Johannes wanneer hy skryf:  “die eindtyd is naby”? (Verwys ook na Matteus 34:36-39 en 2 Petrus 3:3-4)

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 1: 4-6.  Hoekom dink jy spreek Jesus die 7 kerke in die provinsie Asië aan? Hoekom was hulle belangrik?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Wat beteken dit vir ons as kerk vandag en vir jou persoonlik dat:

• Jesus is en was en kom?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

• Jesus die getroue getuie is?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

• Jesus die eerste is wat uit die dood opgestaan het?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

• Jesus die heerser oor die konings van die aarde is?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 1:7.  Wat gaan gebeur wanneer Jesus weer kom?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 1:8.  Hoe word die Here beskryf in hierdie vers?  Verduidelik die beeld in jou eie woorde.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 1:12:20.  Hoe beskryf Johannes die wonderbaarlike verskyning van die Seun van die mens in hierdie visioen?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Die sewe gemeentes word voorgestel as sewe lampstaanders.  Wat leer dit vir ons oor die taak van die kerk?  Verduidelik.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Wie of wat is die sewe sterre?  Waarom is dit belangrik dat die sewe gemeentes sewe sterre het?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Waarom is dit belangrik dat Jesus (Seun van die mens) tussen die lampstaanders was?

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Lees Kolossense 1:15-22.  Wat leer hierdie paragraaf ons van Jesus?

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

Dit was 'n skouspelagtige visie wat Johannes gehad het, en baie mense wens hulle kon so 'n ervaring hê. Die waarheid is, ons kan dieselfde kennis van Jesus hê as wat Johannes gesien het. Ons kan Sy reinheid, Sy ewige wysheid, Sy deursoekende oordeel, Sy oorwinning, Sy gesag en Sy majesteit ken. Elkeen van hierdie aspekte van Sy natuur is ons s'n om intiem te ken.

Jesus het die eerste keer in vernedering gekom, maar Hy sal terugkom in verhoging. Hy het die eerste keer gekom om te sterf, maar Hy sal terugkeer om Sy vyande te oordeel. Hy het die eerste keer gekom om te dien, Hy sal terugkeer om gedien te word. Hy het gekom as die lydende dienaar, maar Hy sal terugkeer as die oorwinnende Koning. Die Boek Openbaring daag alle mense uit om gereed te wees vir Sy wederkoms.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**
"Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk."

Openbaring 1:17(b)-18

**Terugblik**
Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**
Openbaring 1:1-20

**BESPREKINGSVRAE**

Lees Openbaring 1:1-6. Wat beteken dit vir ons as kerk vandag en vir jou persoonlik dat:

• Jesus is en was en kom?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

• Jesus die getroue getuie is?

……………………………………………………………………………………..

• Jesus die heerser oor die konings van die aarde is?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 1:17(b) – 20.   Wat beteken dit vir ons dat Jesus gesê het: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk."

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Hoe moet ons vers 20 verstaan?  En wat beteken dit vir ons gemeente. Bespreek in die groep.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 2

# Efese,
# Die Onverskillige Kerk

**Geheuevers:**

*"Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het.  Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het."*

*Openbaring 2: 5(a)*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 2:1-7**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Een van die sewe wonders van die antieke tye was die tempel van Artemis in Efese. In die Griekse mitologie was sy die dogter van Zeus. Sy is aanbid as die godin van vrugbaarheid. Haar naam in die Romeinse mitologie was Diana. Die tempel  was 150m lank en 70m breed. Daar was 120 pilare en 36 van hulle was met goud omhul. Die dak was 20m hoog.

Die aanbidders van hierdie godin was op 'n onbeheerste manier besig met onsedelikheid in die tempel.  Daar was altyd 120 voltydse tempelprostitute aan diens.

Efese was een van die grootste stede in Klein-Asië. Daar word beraam dat daar ten tye van Openbaring meer as 250 000 mense in die stad gewoon het. Die Romeine het redelik goed rekord gehou, so ons weet nogal baie van wat in daardie tyd aangegaan het. Dit was 'n hawestad en drie groot handelsroetes het daar saamgevloei. Baie sakelui het daar sake gedoen. Dit het ook die tweede grootste biblioteek van die antieke wêreld gehad.

Die Christendom het waarskynlik ontstaan of 'n hupstoot gekry toe Paulus in 52 nC daar aangekom het en toe hy Aquilla en Priscilla daar gelos het. (Handelinge 18:18-22). Toe Johannes die brief geskryf het, was die gemeente so 40 jaar oud en daarom was daar reeds heelwat tweede en derde geslag Christene. Met ander woorde mense wat net van Jesus gehoor het maar wat Hom nie persoonlik geken het nie. Dit was 'n gemeente wat voortgegaan het met die alledaagse van die lewe.

## STUDIEVRAE

Lees Openbaring 2:1-7.

Hoe stel Jesus homself bekend aan die gemeente in Efese? Wat beteken dit? (Verwys na vers 1 en Openbaring 1:12-13).

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na verse 2-3)

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter uitspraak maak Jesus aangaande die toestand van die Kerk? (Verwys na vers 4).

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk? (Verwys na verse 5-6).

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin? (Verwys na vers 7{b}).

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter algemene vermaning (waarskuwing) aan Christene van alle tye vind ons in hierdie gedeelte?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Daar is 'n neiging vir die meeste van ons om die aanvanklike entoesiasme en opgewondenheid wat ons gehad het toe ons Christus die eerste keer as persoonlike Verlosser aanvaar het, te verloor.  As ons ons eerste liefde verloor het, watter stappe kan ons neem om ons toewyding aan Jesus te hernu?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

As Christene word van ons verwag om God lief te hê en om mekaar lief te hê. Het die Efesiërs hulle liefde vir God verlaat? Het hulle hul liefde vir mekaar verlaat? Waarskynlik albei, want die twee liefdes gaan saam. Jy kan nie sê dat jy God liefhet en nie Sy gesin liefhê nie, en jy kan nie regtig Sy gesin liefhê sonder om Hom eerste lief te hê nie.

Jesus het 'n belofte gemaak aan diegene wat die koue van hul harte en die gebrek aan liefde oorwin. Die belofte vir hierdie oorwinnaars was 'n terugkeer na Eden, 'n herstel en die ewige lewe.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**

“Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het.  Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.”

Openbaring 2: 5(a)

**Terugblik**

Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**

Openbaring 2:1-7

**BESPREKINGSVRAE**

Lees Openbaring 2:1-3 en 6.  Hoe voel jy oor die feit dat God alles weet wat jy doen en wat in die gemeente aangaan? Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:4-5 en Matteus 22:37-39.  Wat dink jy word bedoel met Jesus se stelling: "Julle het my nie meer so lief soos in die begin nie.” Bepreek die implikasies van hierdie stelling vir jou persoonlike lewe sowel as die gemeente.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Hoe verstaan jy die opdrag bekeer julle? Is dit net van toepassing op onbekeerdes of ook op gelowiges?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Wat beteken dit dat Jesus waarsku dat Hy die lampstaander van sy plek sal wegvat? Wat beteken dit vir ons gemeente?  Bespreek.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**



# Week 3

# Smirna,
# Die Oorwinnende Kerk

**Geheuevers:**

*"Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee."*

*Openbaring 2: 10*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 2:8-11**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Die ryk stad Smirna was sowat 56 kilometer noord van Efese, op 'n sentrale en strategiese punt op die Egeïese See, wat skilderagtig uit die see verrys, geleë. Weens sy gunstige hawetoestande, die gemak van verdediging en sy goeie binnelandse verbindings, was die stad buitengewoon ryk en belangrik. Daar word ook na die stad verwys as die "Hawestad van Asië". Die stad was bekend vir sy getrouheid en lojaliteit aan Rome.

Die gemeente van Smirna was 'n vervolgde gemeente. Hulle het twee groot probleme gehad: die Joodse bevolking was hewig gekant teen die Christendom, en die nie-Jode was ten gunste van die aanbidding van die Romeinse keiser. Dit was dus onvermydelik dat daar vervolging van die Christene was.

Smirna is een van twee gemeentes wat 'n heeltemal positiewe boodskap van die Here ontvang.

## STUDIEVRAE

Lees Openbaring 2:8-11.
Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Smirna bekend?  Wat beteken hierdie voorstelling?  (Verwys na vers 8 en Openbaring 1:17{b} – 18{a}).

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na vers 9)

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk? Wat vra Hy van diegene wat ter wille van die Here lyding verduur? (Verwys na vers 10).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin? (Verwys na vers 11).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter algemene boodskap aan Christene van alle tye vind ons in hierdie gedeelte?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Die brief aan Smirna noem geen probleme nie en het ook geen waarskuwings nie. Watter rol speel aanmoediging en bevestiging om Christene te help wat onder geestelike druk verkeer?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

## SLOTOPMERKINGS

Die Christene in Smirna is vervolg, en hulle was bang. Soms dink ons dat Christene wat vervolging verduur amper bomenslik is, en ons waardeer dikwels nie die dieptes van vrees waarmee hulle worstel nie. Daar was dinge wat op die punt was om te gebeur wat nog meer lyding sou veroorsaak, en Jesus wou hulle gereed maak om daardie dinge teen te staan.

Smirna is die enigste van hierdie sewe kerke wat vandag nog bestaan. Dit het deur eeue van Romeinse en Moslemvervolging oorleef.

Alhoewel Satan hulle lewe bedreig en hulle aangeval het, belowe Jesus Sy oorwinnaars dat die dood vir hulle oorwin is.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**
"Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee."

Openbaring 2: 10

**Terugblik**
Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**
Openbaring 2:8-11

**BESPREKINGSVRAE**

Deel met mekaar wat die belangrikste openbaring was vir julle toe hierdie brief gelees het.

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:8-9.  In vers 9 sê Jesus dat Hy weet van die kerk se verdrukking en armoede – van hulle lyding.   What beteken dit vir die gemeente Smirna?  En vir ons gemeente?  Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:10.  Wat beteken dit om getrou te bly tot die dood toe? Wat is die gevolg van sulke getrouheid?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:11.  Waarna verwys die term "die tweede dood"?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 4

# Pergamum,
# Die Inskiklike Kerk

**Geheuevers:**

*"Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond."*

*Openbaring 2: 16*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 2:12-17**

**INLEIDENDE OPMERKINGS**

Die toestande in die stad Pergamum was heel anders as dié in Efese en Smirna. Die stad was op 'n hoë, rotsagtige heuwel geleë, en die Romeine het dit die politieke hoofstad van die provinsie Asië gemaak. Toe Johannes geskryf het, was Pergamum reeds vir meer as driehonderd jaar die hoofstad van die streek. Dit was ook die middelpunt van die Caesar-aanbidding. Die Romeine het van hier af regeer en hier was die tempels wat aan die aanbidding van Caesar gewy is.

Die stad was 'n gesofistikeerde stad, wat bekend was vir sy opvoedkundige geleenthede. Dit was ook bekend as 'n belangrike Griekse kulturele sentrum en daar was 'n biblioteek met ongeveer 200 000 bronne beskikbaar.

Net soos Efese was Pergamum 'n stad van afgodery en verskillende kultusse. So byvoorbeeld is die god van genesing, Asclepius, aanbid onder die teken van die slang, wat vir gelowiges in Christus die ware simbool van Satan was. Verskeie ander heidense altare was ook hier te sien, insluitend die groot altaar van Zeus.

**STUDIEVRAE**

Lees Openbaring 2:12-17.

Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Pergamum bekend? Wat beteken hierdie voorstelling? (Verwys na vers 12 en Openbaring 1:16).

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na vers 13)

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter uitspraak maak Jesus aangaande die toestand van die Kerk? (Verwys na verse 14-15).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk?  (Verwys na vers 16).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin?  (Verwys na vers 17).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter algemene vermaning (waarskuwing) aan Christene van alle tye vind ons in hierdie gedeelte?

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter versoekings verlei die kerk vandag? Watter teenmiddel verskaf 1 Johannes 2:15-17 om daarteen te waak om nie op ’n dwaalspoor gelei te word nie?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

Seksuele onsedelikheid het die hele kultuur van die antieke Romeinse Ryk gekenmerk. Dit is eenvoudig as vanselfsprekend aanvaar, en die persoon wat volgens Bybelse standaarde van reinheid geleef het, is as vreemd beskou. Die Christene van Pergamum was soos die Christene van Korinthe, soos Paulus aan hulle geskryf het in 1 Korintiërs 5:1-9. Hulle was te verdraagsaam en het valse leerstellings en ‘n onsedelike lewe aanvaar, en Jesus moes hulle bestraf.

Satan kon nie veel bereik deur vervolging nie, want baie gelowiges het vasgehou aan hulle geloof, soos Antipas. Dus het Satan probeer om sy doelwitte te bereik deur misleiding te gebruik. Sy strategie was dus eers geweld, toe kompromie of bondgenootskap.

’n Moeilike omgewing regverdig nooit kompromieë nie. Dit is maklik vir 'n kerk wat so swaar kry om hierdie kompromieë te regverdig in die naam van "ons het al die hulp nodig wat ons kan kry" - maar geen kerk het daardie soort hulp nodig nie.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**

"Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond."

Openbaring 2: 16

**Terugblik**

Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**

Openbaring 2:12-17

**BESPREKINGSVRAE**

Deel met mekaar wat die belangrikste openbaring was vir julle toe julle hierdie brief gelees het.

……………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:12 en 16. Let op Jesus se bekendstelling van Homself in vers 12 en Sy waarskuwing in vers 16. Hoe moet ons dit verstaan? Bespreek in die groep.

……………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:14-15.  Jesus waarsku hulle teen vals leringe.  Watter vals leringe word ons as gelowiges vandag mee gekonfronteer?  Bespreek watter impak dit op jou en die kerk het.

………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:17.  Wat word belowe aan die wat oorwin e naan die Bybelse waarhede vashou?  Wat beteken dit?  Beskryf dit in jou eie woorde.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 5

# Tiatira,
# Die Korrupte Kerk

**Geheuevers**

*"Ek weet alles wat julle doen.  Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore."*

*Openbaring 2: 19*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 2:18-29**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Tiatira was die kleinste en onbelangrikste van die sewe stede wat Jesus in Openbaring 2 en 3 aangespreek het. Dit was geleë in 'n vallei wat twee ander valleie verbind het. Dit was 'n verbindingsentrum en baie mense het hierdeur gereis. Aangesien die stad wyd oop was vir 'n aanval, was 'n garnisoen gewoonlik hier gestasioneer om die stad te verdedig en om die pad na Pergamum te versper.

Tiatira was 'n werkersstad. Hier was verskeie handelsgildes, bv. wolwerkers, linnewerkers, makers van klere, verwers, leerwerkers, leerlooiers, pottebakkers, ens. Elke handelsgilde het sy eie beskermgod wat daarmee geassosieer is, gehad. Dit het beteken dat as jy wou opgang maak, jy aan 'n gilde moes behoort, wat geïmpliseer het dat jy sy beskermgod moes aanbid. Jy moes die gildefeeste bywoon en die kos eet wat aan die beskermgod geoffer is. Jy moes ook agterna aan die onsedelike pret deelneem. Daar was nie een spesifieke godsdiens wat oorheersend was nie.

Tiatira was bekend vir die vervaardiging van 'n pers kleurstof, en talle verwysings word in sekulêre literatuur van die tydperk na die handelsgildes wat materiaal vervaardig het, gevind. Lidia, wat onder Paulus se werk in Filippi tot bekering gekom het, was ’n verkoper van pers materiaal uit Tiatira (Hand. 16:14).

## BESPREKINGSVRAE

Lees Openbaring 2: 18-29

Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Tiatira bekend?  Wat beteken hierdie voorstelling?  (Verwys na vers 18 en Openbaring Rev 1: 14{b} and 15 {a}).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na vers 19)

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter uitspraak maak Jesus aangaande die toestand van die Kerk? (Verwys na verse 20-23).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk?  (Verwys na verse 24-25).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin?  (Verwys na verse 26-27).

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Watter algemene vermaning (waarskuwing) aan Christene van alle tye vind ons in hierdie gedeelte?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Jesus beskuldig hierdie godvrugtige en liefdevolle kerk daarvan dat hulle te verdraagsaam is teenoor die bose in hulle midde. Op watter gebiede is Christene vandag te verdraagsaam? Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

Tiatira was die kleinste en onbelangrikste van die sewe stede wat Jesus aangespreek het, maar hulle was nie vir Jesus verborge nie. Soos vir elkeen van die kerke, het Jesus aan die kerk in Tiatira gesê: "Ek ken jou werke."

Jesus het die spesifieke sonde van hierdie vrou "Isebel" beskryf. Sy was in hoofsaak 'n immorele en goddelose invloed op ander, en het ander tot sonde gelei. Isebel het ander tot immoraliteit en afgodery verlei.

Dit is 'n brief wat op almal van toepassing is. Dit is van toepassing op diegene wat soos Isebel is, wat ander in sonde gelei het. Dit is van toepassing op diegene wat die leer van 'n Isebel volg en ander in sonde volg. Dit is van toepassing op diegene wat 'n Isebel toelaat om haar boosheid te bewerk. Ten slotte geld dit vir die gelowiges wat moet vashou aan hulle geloof.

Selfs wanneer daar die immorele en afgods invloede van 'n Isebel is, kan Christene oorwin en aan Jesus vashou tot die einde toe. Ons moet nie oordrewe moedeloos word oor onsedelikheid en afgodery rondom ons, selfs onder Christene, nie. God se werk sal steeds voortgaan deur Sy oorwinnaars.

# GROEPBESPREKING

**Prayer**

**Geheuevers**

"Ek weet alles wat julle doen.  Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore."

Openbaring 2: 19

**Terugblik**

Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**

Openbaring 2:18-29

**BESPREKINGSVRAE**

Deel met mekaar wat die belangrikste openbaring was vir julle toe julle hierdie brief gelees het.

…………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………….

Lees Openbaring 2:18.  Die Here word beskryf as "die Seun van God, wie se oë soos vuurvlam en wie se voete soos geelkoper is".  Wat beteken hierdie beskrywing vir die gemeente van Tiatira?  Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:20-23. 'n Algemene gees van losbandigheid en seksuele onsedelikheid het in die gemeente posgevat. Die Here kom waarsku die gemeente daarteen en roep hulle op om hulle weer te bekeer. Dink jy dit geld vandag nog vir ons? Bespreek.

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 2:28 en 2 Petrus 1:19. In hierdie verse word Jesus die môrester genoem. Die môrester is sigbaar net voor dagbreek, wanneer die nag op sy donkerste is. Wat beteken dit vir ons? Beskryf dit in jou eie woorde.

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 6

# Sardis,
# Die Kwynende Kerk

**Geheuevers**

*"Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle.  As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie."*

*Openbaring 3:3*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 3 : 1- 6**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Sardis was die hoofstad van Lydia en geleë op 'n byna onbegaanbare heuwel wat uitkyk oor die Hermusvallei. Die inwoners van Sardis was trots en verwaand en selfversekerd – hulle was seker dat niemand hierdie heuwel met sy loodregte hellings sou kon uitklim nie. Daar was net een toegangspunt wat hulle baie goed bewaak het.

Die heuwel waarop Sardis geleë was, was te smal vir die groeiende stad, en 'n tweede deel van die stad het in die vallei aan die voet van die berg ontwikkel. Die stad was altyd aan die lewendig e naan die gang – daar was altyd iets aan die gebeur. Sonde het ook hier gefloreer.

Hierdie stad was ook 'n stad wat bekend was vir sy sagtheid en luukshede. Dit het 'n welverdiende reputasie gehad vir apatie en onsedelikheid. In Sardis was daar 'n groot, statige tempel vir die godin moeder, Cybele. Hierdie godin moeder is met allerhande seksuele onsedelikheid en onreinheid vereer en aanbid.

Die kombinasie van maklik bekombare geld en 'n losbandige morele omgewing het die mense van Sardis sag en lief vir plesier gemaak.

Toe Jesus hierdie woorde aan Johannes geopenbaar het, het die antieke stad Sardis sy beste dae beleef en begin agteruitgaan. Tog was dit 'n ryk stad, geleë op die aansluiting van verskeie belangrike paaie en handelsroetes.

## STUDIEVRAE

Lees Openbaring 3: 1-6

Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Sardis bekend? Wat beteken hierdie voorstelling? (Verwys na vers 1 en Openbaring 1:4{b} en 16{a}).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na vers 1)

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter uitspraak maak Jesus aangaande die toestand van die Kerk? (Verwys na verses 2-3).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk? (Verwys na verse 2-3).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin? (Verwys na verse 4-5).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter algemene vermaning (waarskuwing) aan Christene van alle tye vind ons in hierdie gedeelte?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

In sy boek, A Commentary on the Revelation of John, het George Ladd geskryf: Hier is 'n prentjie van nominale Christendom, uiterlik voorspoedig, besig met die uiterlike van godsdienstige aktiwiteite, maar sonder geestelike lewe en krag. In watter mate pas die kerk vandag by hierdie prentjie? In watter mate is dit waar van ons kerk?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Hoe kan ons as gemeente dit verander?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

’n Kerk is dood wanneer dit meer begaan is oor vorm as oor lewe, wanneer dit sisteme meer liefhet as Christus en wanneer dit meer in materiële dinge as geestelike dinge belangstel.

Jesus het geweet die kerk by Sardis het 'n naam - dit wil sê 'n reputasie - van lewe en lewenskrag. As jy na die kerk van Sardis sou kyk, sou jy tekens van lewe en lewenskragtigheid sien. In die kerk van Sardis, soos die stad Sardis, het alles lewendig en goed gelyk. Maar Jesus het hulle gesien vir wat hulle werklik was. ’n Goeie reputasie is geen waarborg vir ware geestelike karakter nie. Ten spyte van hulle goeie voorkoms, het Jesus hulle as dood beskou.

Alhoewel die geestelike toestand van die kerk van Sardis sleg was, was dit nie hopeloos nie. Geestelik was daar nog dinge wat oorgebly het wat versterk kon word. Jesus het nie met hulle opgegee nie, en dit was nie te laat nie. Jesus het vir hulle gesê hulle moet hulleself ondersoek en beskerm wat hulle het en dit versterk.

Wat hulle moes doen, was om te onthou hoe hulle die eerste keer die Woord van God ontvang en gehoor het. Dan moet hulle vashou aan daardie dinge, en bekeer deur terug te draai en die evangelie en apostoliese leerstelling tot gesag oor hulle lewens herstel.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**
"Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie."

Openbaring 3:3

**Terugblik**
Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**
Openbaring 3:1-6

**BESPREKINGSVRAE**

Laat ons eerlik met mekaar wees: Het (jou) ons kerk 'n naam in die samelewing? Hoe sou jy ons posisie/impak in die samelewing beskryf en hoe dink jy sien Jesus ons (vir wat ons is)?

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

Lees Openbaring 3:1-3. Waartoe roep die Here die gemeente? (Daar is 5 oproepe)?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:4 and 5{a}. Wat beteken die verwysing na die wit klere? Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:5. Christus belowe dat elkeen wat Hom standvastig en getrou volg, die Ewige Lewe sal hê. Hulle sal met eer beklee word. Wat beteken dit vir ons en ons gemeente? Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 7

# Filadelfia,
# Die Getroue Kerk

**Geheuevers:**

*"Ek kom gou.  Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon kan wegvat nie."*

*Openbaring 3:11*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 3 : 7-13**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Die woord Filadelfia beteken broederliefde. Die stad is gestig deur koning Attalos II Philadelphus van Pergamum (159–138 vC), wat die stad gestig het uit liefde vir sy broer. Filadelfia is gebou met die doelbewuste bedoeling dat dit 'n sendingstad kan word. Anderkant Filadelfia lê die wildernis van Frigië en die barbaarse stamme. Die doel van Filadelfia was om die Griekse taal, die Griekse lewenswyse en die Griekse beskawing deur al die streke daarbuite te versprei.

Die stad was op 'n besige handelsroete geleë en is soms "die poort na die Ooste" genome. Dit was ook bekend vir sy wynproduksie. Die belangrikste godsdiens was die aanbidding van Dionisius, die god van wyn. Die gemeente daar was klein maar geestelik sterk. Hierdie stad was ook bekend vir pragtige geboue (dit is "klein Athene" genoem) en haar aardbewings, wat gereelde ontruimings vereis het.

Aan hierdie gemeente stel Christus Homself voor as die Heilige, die ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het. Die sleutel van Dawid vind sy verduideliking in Jesaja 22:15–25 waar die Woord van God teen die paleisbeampte Sebna gerig is. Hy word uit sy amp ontslaan en opgevolg deur Eljakim aan wie die Woord van die Here sê: Ek sal aan Hom die sleutel van die huis van Dawid gee... (Jes 22:22).

Jesus is die Seun van Dawid, die verwagte Messias, aan wie die sleutel tot die koningshuis, die hemelse koninkryk, gegee is. Hy alleen het die mag om oop te maak of toe te maak, en wat Hy doen kan geen mens ongedaan maak nie. Blykbaar was die deure van die sinagoge in Filadelfia deur die vyandige Jode vir die Christene gesluit. Nou sê Jesus dat Hy die deur na die Hemel vir hulle sal oopmaak.

**STUDIEVRAE**

Lees Openbaring 3: 7-13

Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Filadelfia bekend? Wat beteken hierdie voorstelling? (Verwys na vers 7, Jesaja 22:22 en Openbaring 1:18).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na vers 8)

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter belofte maak Jesus ten opsigte van die kerk? (Verwys na verse 9-10).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter opdrag gee Jesus aan die kerk? (Verwys na vers 11).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin? (Verwys na vers 12).

……………………………………………………………………………………..

Watter algemene aanmoediging – van toepassing op alle gelowiges – vind ons in hierdie gedeelte?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Waarom sou 'n swak kerk bemoedig kan word deur Jesus se belofte van 'n oop deur van geleenthede?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Lidmate van verskeie kerke is vandag moedeloos deur wat in die wêreld om hulle aangaan. Wat kan ons leer uit Jesus se woorde aan die Filadelfiërs?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

Die kerk van Filadelfia word geprys omdat hulle die Woord van die Here bewaar en nie sy Naam verloën nie. Sukses in Christelike werk moet nie aan enige ander standaard van prestasie gemeet word nie.

Daar is vir die oorwinnaars gesê dat hulle soos 'n pilaar in die tempel van My God sou wees. Pilare was beelde van krag, stabiliteit en waardige skoonheid. Die antieke stad Filadelfia het gereeld aardbewings gekry. Wanneer 'n gebou in 'n aardbewing ineengestort het, was dit dikwels net die groot pilare wat staande gebly het. Jesus bied ons dieselfde krag, om in Hom te bly staan wanneer alles om ons verkrummel.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**

"Ek kom gou.  Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon kan wegvat nie."

Openbaring 3:11

**Terugblik**

Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**

Openbaring 3:7-13

**BESPREKINGSVRAE**

Deel met mekaar wat die belangrikste openbaring was vir julle toe julle hierdie brief gelees het.

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:8.  Wat dink jy het veroorsaak dat die gemeente min krag gehad het? Wat tap ons gemeente se krag? Gesels met mekaar daaroor.

…………………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:10-11.  Christene, insluitend ons, is nie vrygestel van beproewings nie. Hoe moet ons beproewinge hanteer, sodat niemand ons kroon wegneem nie? Bespreek dit in die groep.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Lees 1 Timoteus 3:15 (b):  Wat is die Kerk bedoel om te wees en vir watter doel moet sy sterk staan?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Die gebied in Turkye waar die kerk geleë was, word steeds deur aardbewings geteister. Dit is asof Hy sê dat geboue om jou val, maar as jy vasstaan, sal jy 'n pilaar wees wat vir ewig sal staan. Niks, geen vervolging of dood, sal jou weer omver gooi nie want Jesus hou jou naby Hom.

Lees Openbaring 3:12-13.  Praat met mekaar oor die feit dat Jesus se Naam geskryf is op die mense wat oorwin. Wat dink jy beteken dit? Wat beteken dit vir ons om draers van Jesus se Naam te wees? Bespreek.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Week 8

# Laodisea,
# Die Dwase Kerk

**Memory Verse:**

*“**Kyk, ek staan by die deur en Ek klop.** As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.”*

*Openbaring 3:20*

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Openbaring 3 : 14-22**

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Laodisea was 'n belangrike, ryk stad, met 'n aansienlike Joodse bevolking. Soos ander stede in die streek, was dit 'n sentrum vir Caesar-aanbidding en die aanbidding van die genesende god Asklepios. Laodisea was die banksentrum van Klein-Asië. Toe die stad in 60 nC deur 'n aardbewing vernietig is, het hulle die stad self herbou sonder enige hulp van buite. Dit is net 'n aanduiding van hoe ryk die stad was. Dit was en is steeds wêreldwyd bekend vir sy tekstielbedryf. Hulle het 'n besonder sagte, swart wol geproduseer. Vandag maak hulle steeds die mooiste linne en tafeldoeke en al die groot handelsname soos Levi, Wrangler en Lee het fabrieke in die omgewing. Miskien is dit waarna vers 18 verwys (jou skande, jou naaktheid). Jy maak al die wonderlike klere, maar eintlik is jy naak voor God.

Daar was ook 'n groot mediese skool in die stad, waar medici van daardie tyd opgelei is. Die skool was bekend vir sy bydrae in die ontwikkeling van medisyne, veral oog- en oorgeneeskunde. Jesus sinspeel ook hierop in vers 18, wanneer hy van die oogsalf praat.

Sowat 7 km van die stad af is die Hierapolis, 'n stad wat by 'n warmwaterbron gebou is. Een van die probleme van Laodisea was 'n swak watervoorsiening en dit het hulle kwesbaar gemaak vir aanvalle deur beleg. As 'n vyandelike leër die stad omsingel het, het hulle onvoldoende watervoorrade in die stad gehad, en die voorrade wat die stad inkom, kon maklik afgesny word. Daarom was die leiers van Laodisea altyd tegemoetkomend teenoor enige potensiële vyand, en wou altyd onderhandel en kompromieë aangaan in plaas van veg. Hulle hoofwatertoevoer het gekom via 'n ses myl lange akwaduk van die warmwaterbronne van Hierapolis. Omdat die water uit die warmwaterbronne gekom het, was dit onaptytlik lou wanneer dit is die stad aankom.  Jesus verwys ook daarna in vers 15, wanneer Hy sê as jy maar koud of warm was, maar nou is jy lou.

Hier is geen woord van lof vir die gemeente nie. Jesus begin dadelik met Sy besorgdheid oor wat in die gemeente aangaan.

**STUDIEVRAE**

Lees Openbaring 3: 14-22

Hoe stel Jesus Homself aan die gemeente Laodisea bekend? Wat beteken hierdie voorstelling? (Verwys na vers 14 en Kolossense 1:16 en 18).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter verklaring maak Jesus aangaande die toestand van die kerk? (Verwys na verse 15 en 17)

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter belofte maak Jesus ten opsigte van die kerk? (Verwys na vers 16).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter opdrag / raad gee Jesus aan die kerk? (Verwys na verse 18-19).

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Watter beloning wag daar vir die wat oorwin?  (Verwys na verse 20-21).

………………………………………………………………………………………..

Watter algemene aanmoediging – van toepassing op alle gelowiges – vind ons in hierdie gedeelte?  In watter opsig mag God you as louwarm beskou?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Laodisea was so selfversorgend dat hulle hulp van Rome verwerp het toe hulle in 60 nC 'n aardbewing gehad het. Hoe het hierdie gesindheid hulle geestelik geraak?
………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

Watter geestelike waarskuwing is hier vir jou?

………………………………………………………………………………………..

………………………………………………………………………………………..

**SLOTOPMERKINGS**

Die kerk van Laodisea is 'n voorbeeld van leë godsdiens, en tollenaars en prostitute was meer oop vir Jesus as die skrifgeleerdes en Fariseërs. Satan wil ons graag op enige manier wat hy kan, in sy strik kry, maar hy verkies 'n lou godsdienstige mens ver bo 'n koudhartige sondaar.

In sy preek, An Earnest Warning against Lukewarmness, het Spurgeon die lou kerk as volg beskryf:

- They have prayer-meetings, but there are few present, for they like quiet evenings home.
- When more attend the meetings they are still very dull, for they do their praying very deliberately and are afraid of being too excited.
- They are content to have all things done decently and in order, but vigour and zeal are considered to be vulgar.
- They may have schools, Bible-classes, preaching rooms, and all sorts of agencies; but they might as well be without them, for no energy is displayed and no good comes of them.
- They have deacons and elders who are excellent pillars of the church, if the chief quality of pillars be to stand still and exhibit no motion or emotion.
- The pastor does not fly very far in preaching the everlasting Gospel, and he certainly has no flame of fire in his preaching.
- The pastor may be a shining light of eloquence, but he certainly is not a burning light of grace, setting men's hearts on fire.
- Everything is done in a half-hearted, listless, dead-and-alive way, as if it did not matter much whether it was done or not.
- Things are respectably done, the rich families are not offended, the sceptical party is conciliated, and the good people are not quite alienated: things are made pleasant all around.
- The right things are done, but as to doing them with all your might, and soul, and strength, a Laodicean church has no notion of what that means.
- They are not so cold as to abandon their work, or to give up their meetings for prayer, or to reject the gospel.
- They are neither hot for the truth, nor hot for conversions, nor hot for holiness, they are not fiery enough to burn the stubble of sin, nor zealous enough to make Satan angry, nor fervent enough to make a living sacrifice of themselves upon the altar of their God. They are 'neither cold nor hot.'

Jesus het vir hierdie lou kerk *Die Groot Uitnodiging* gegee. Hy het aan hulle deur geklop en toegang gevra om saam met hulle te kom eet, in die sin om 'n warm, intieme verhouding te deel. Die belofte word aan almal gemaak, maar dit gebeur net vir hulle wat op Sy klop reageer.

# GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Geheuevers**

"Kyk, ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."

Openbaring 3:20

**Terugblik**

Deel met die groep hoe die Here hierdie week in jou lewe gewerk het.

**Skriflesing**

Openbaring 3:14-22

**BESPREKINGSVRAE**

Deel met mekaar wat die belangrikste openbaring was vir julle toe julle hierdie brief gelees het.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:14-15.  Waarom dink jy hou God nie van louheid nie? Gesels met mekaar oor wat lou beteken en of daar werklik iets soos 'n lou Christen is?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:17-18.  "Ek het niemand nodig nie, ek sal op my eie regkom." Praat met mekaar oor die stelling hierbo. Hoekom is dit 'n probleem vir God? Wat moet ons doen om te verhoed dat ons so word?

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Lees Openbaring 3:20.  Jesus staan buite die gemeente se hart en klop. Wat is jou reaksie wanneer jy hierdie vers lees? Wat is die enigste manier hoe Jesus toegang kry tot Sy mense se harte? Bespreek.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

Gesels met mekaar oor hoe die boodskap van hierdie brief jou en die gemeente kan help om die oorwinning te behaal.

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

**Sluit in gebed**

# Bronne

Pawson, David. Unlocking the Bible, HarperCollins Publishers, London, 2015.

Chester, Tim. Revelation Heaven's Perspective. The Good Book Company, 2021.

Du Rand, Jan A. Kyk, die Koning kom! CUM, Vereeniging, 1992.

Hadjiantoniou, G.A. The postman of Patmos. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

Hendriksen, William. More than Conquerors. Bakers Book House, Michigan, 1967.

MacArthur, John. Revelation The Christin's Ultimate Victory. Thomas Nelson Books, Nashville, Tennessee, 2007.

Stevens, R. Paul. Revelation The Triumph of God. Intervarsity Press, Illinois, 1999.

https://www.whatchristianswanttoknow.com

https://studyandobey.com/inductive-bible-study

https://www.gotquestions.org

www.blueletterbible.org

https://www.biblestudytools.com

www.gospelway.com

https://www.biblegateway.com

Scripture Direct Application

# ADDENDUM 1:  RIGLYNE VIR KLEINGROEPE

Baie welkom by die kleingroep.  Ons glo dat jy God se liefde in die groep sal beleef. Jy is deel van die groep om te gee en te ontvang.  Voel vry om enige tyd deel te neem aan besprekings.  Die Here werk met elkeen op ‘n unieke manier, jou opmerking of getuienis kan dalk net iemand anders se lewe verander.  Bid asseblief gereeld vir ons gemeente, jou omgeegroep en vir die wêreld om ons.  Jy sal sien die groepstudies is ’n aantal momente verdeel.

## GEBED

Verwelkom elke groeplid, veral nuwelinge.  Bid saam as ‘n groep en vra Vader om hierdie tyd saam in Sy Woord te seen.

## TERUGBLIK

Gee aan elke person geleentheid om met die groep te deel oor sy/haar week.  Gee geleentheid vir terugvoer na aanleiding van verlede week se persoonlike studie.

## SKRIFLESING

Neem die tyd om die aangeduidel gedeeltes uit God se Woord te lees.  Gee mense wat wil die geleentheid om van die verse te lees.  Een persoon kan die hele gedeelte(s) lees of julle kan elkeen ‘n paar verse lees – afhangende van hoe die groep daaroor voel.

## BESPREKINGSVRAE

Neem tyd om elke vers waarna verwys word, weer te lees.  Gesels oor God se Woord na aanleiding van die gespreksvrae.  Maak seker dat elkeen geleentheid kry om deel te neem aan die besprekings.

## SLUIT AF MET GEBED

Spandeer tyd as groep in gebed .  Gee elkeen wat kans sien, geleentheid om hardop te bid.  Vra Vader om julle te help om Sy boodskap prakties te gaan toepas.  Bid vir mekaar, die gemeente en die wêreld.

## ADDENDUM 2: KLEINGROEP ONDERNEMING

1. **Onvoorwaardelike liefde** - Ek onderneem dat ek niks sal toelaat om my liefde vir elke omgeegroeplid te skaad nie. Al stem ek nie saam met 'n ander se opinie of optrede nie, sal ek hom as persoon steeds liefhê. Al verskil ons sal ek ander steeds aanvaar en plek vir God se liefde gee. My liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie, en poog om hulle te betrek en deel van die omgeegroep te maak.

2. **Algehele beskikbaarheid** - Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die groep. Ek onderneem dat die groep altyd hoë prioriteit sal geniet en dat ek dit sal bewys deur my bereidwilligheid om op te offer en tyd vir die groep te maak.

3. **Getroue voorbidding** - Soos die liefdevolle Vader dit graag wil hê, onderneem ek om op 'n gereelde basis vir elke omgeegroeplid te bid. Ek glo dat hierdie gebede verhoor word en dat elke lid God se seën sal ervaar.

4. **Groter openheid** - Ek belowe om daarna te streef om my gevoelens, my stryd, my swaar en my vreugdes met die groep te deel. Ek sal meer openlik wees en die groep met my probleme en my ideale vertrou.

5. **Absolute eerlikheid** - Ek onderneem om eerlik te wees met elkeen, al sou dit ook seer en sensitiewe dinge behels. Ek sal die waarheid in liefde praat (Ef 4:15), bewus van die feit dat die Here ons gebruik om mekaar te vorm.

6. **Sensitiwiteit vir ander** - Ek onderneem om na die beste van my vermoë ingestel te wees op groeplede se behoeftes, om met Christus se oë te kyk, met sy ore te luister en met sy hart om te gee.

7. **Waaragtige vertroulikheid** - Ek beloof om nie oor vertroulike dinge van die groep uit te praat nie, en sodoende te help om 'n atmosfeer te skep waar sekuriteit en openheid heers.

8. **Volkome beheer deur die Heilige Gees** - Ek wil graag in die omgeegroep en in hierdie wêreld wees wat God my bedoel het om te wees. Daarom wil ek onder beheer van die Heilige Gees lewe en myself, en God se gawes tot diens en seën van die groeplede stel.

9. **Getroue bywoning** - Ek onderneem om elke omgeegroepbyeenkoms stiptelik en gereeld by te woon. Ek sal verskoning maak indien ek dit in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

10. **Dankoffer** - Ek onderneem om elke maand my dankofferbydrae getrou te gee.